UITGAWE 3 | JAARGANG 22 | 16 FEBRUARIE 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## LYDENSTYD

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


**03 VRYPOS-FOKUS**

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Netwerk vir Klein Gemeentes** | *Hoe kan ons ons kerkdeure oophou en gemeentes laat floreer?*

**04 ARTIKELS**

BEDIENINGSBEGELEIDING
**Digitale Bediening Netwerk** | *JST* (Volume 3 | Uitgawe 1-3)

VENNOTE IN GETUIENIS
**RFF (Deel 4 van 7)** | *Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies*

VENNOTE IN GETUIENIS
**Werkgroep vir Islam** | *Het Jesus self gesê dat Hy God is?*

AFRIKA-EKUMENE
**Suid-Soedan** | *Jongste nuus uit Suid-Soedan*

AFRIKA-EKUMENE
**Zimbabwe** | *Nuwe hoop vir 18 weeskinders danksy Race4Grace!*

AFRIKA-EKUMENE
**Afrika/Malawi** | *Afrika nie meer sendingveld, maar sturende kontinent*

**06 VERBI DIVINI MINISTER**

EREDIENS NETWERK
**Janke Hurter** | *Lydenstyd: 'n Tyd om stil te staan?*

**08 DIS 'N RING-DING**

**Ring-projekte** | *Ring van Smithfield help vure doodslaan!*

**09 MEDIATEEK**

BOEK EN INVENTARIS
**Lisel Joubert** | *Die volheid van alles. n Woordeskat van Spiritualiteit*

**12 EKOLOGIE**

**Ietermagog Wêrelddag** | *17 Februarie*

**13 AKTUEEL ALGEMEEN**

13 | CLF - Pinksterreeks 2024
14 | Wêreldbiddag vir Vroue, 1 Maart
16 | Advertensies

**17 VERJAARSDAE**

**19 OPLEIDING**

**21 NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

**22 WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

**23 BLÊR-REEKS KINDERSTORIES**

**25 'N LAASTE GEDAGTE**

**26 KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Henco van der Westhuizen
Enrico Casaleggio
Janke Hurter | Anton Meiring
*Maroela Media*
*VrydagNuus*, *Getuienisaksie*
Kaapkerk | *Kerkbode* | *CLF*
*Blêr* | Martin Schwella

---

# LYDENSTYD

**Matt 17:1-8** | Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding op die Paasfees.

*(Oorgeneem by NGK Durbanville-Bergsig)*

# DAGBOEK DÍT

***13 MAART** | 09:00-12:00
**Gerontologie Netwerk bied aan:** *Voel jonger en gesonder omdat jy kan* - **met RSG-aanbieder van** *Word immer-groen oud*, **Annie Coetzee.** Skakel in - **RSVP NOU!**

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 1 Maart**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN

ngkerkvrystaat.co.za






*Netwerk vir Klein Gemeentes: Meervoudige Standplaasbediening (Foto: Canva)*

# HOE KAN ONS ONS KERKDEURE OOPHOU EN GEMEENTES LAAT FLOREER?

*Deur Mariëtte Odendaal*

Hoe gemaak met ons gemeentes wat vasgevang sit in oorlewing of alreeds die sluit van hul kerkdeure in die gesig staar? **Hoe kan hulle ondersteun word** om weer volhoubaar, lewenskragtig en missionaal kerk te wees?

Die Vrystaat Sinode se Klein Gemeente Netwerk onder leiding van ds Fanie Spamer het verlede jaar die Hugenote Kollege se Sentrum vir Kerklike en Gemeenskap-innovasie gekontrakteer om ons met ons Meervoudige Standplaasbediening-(MSB-) inisiatief te ondersteun. "Dit behels nie net die bekendstelling van verskillende MSB-modelle nie, maar ook begeleiding tot missionaliteit en volhoubaarheid," vertel dr Frederick Marais wat onlangs hul MSB-bevindinge met ons moderamen bespreek het.

### Maar wie is dr Frederick Marais?

Jy kom gou agter dat Frederick in sy NG Kerk-loopbaan van 36 jaar al 'n ryke verskeidenheid werkservarings opgedoen het. Eers as predikant in die geskiedkundige Karoo-dorp Somerset-Oos (1987 tot 1990), daarna as studenteleraar op Stellenbosch (1990 tot 2000) en toe as predikant in sinodale diens (PSD) vir Gemeentebegeleiding (2000 tot 2017) by die NG Kerk Sinode Wes-Kaapland. Daarna was hy PSD vir Kerklike Opleiding tot met sy emeritaat in 2023.

Maar nog is dit het einde niet: Vanaf 1 Januarie vanjaar het hy in die pos as direkteur van die Sentrum vir Kerklike en Gemeenskap-innovasie by Hugenote Kollege se Skool vir Sosiale Innovasie begin werk en sal op 1 Maart prof Erwin Schwella as dekaan daar opvolg.

Lees meer »

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGS-BEGELEIDING



*Dr Henco van der Westhuizen*

Digitale Bediening Netwerk

**JST - The Journal of Systematic Theology**

(Volume 3 | Uitgawe 1-3) »

VENNOTE IN GETUIENIS



*Mariëtte Odendaal*

RFF | Deel 4 van 7

**Goeie bestuur - die sleutel tot 'n meer volhoubare kerk en kerklike instansies** »

VENNOTE IN GETUIENIS




*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Het Jesus self gesê dat Hy God is?** »

AFRIKA-EKUMENE




*Oorgeneem uit Getuienisaksie*

Suid-Soedan

**Jongste nuus uit Suid-Soedan** »

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

Zimbabwe

**Nuwe hoop vir 18 Weeskinders danksy Race4Grace!** »

AFRIKA-EKUMENE



*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*

Afrika/Malawi

**Afrika nie meer sendingveld, maar sturende kontinent** »

Gerontologie

Betekenisvolle **veroudering**

# GRATIS

© 2024 | NG Kerk Vrystaat

# Voel **jonger** en **gesonder** *omdat jy* **KAN**

met *Annie Coetzee*

*RSG*-aanbieder van ***Word immergroen oud***



**WOENSDAG 13 MAART 2024**

**ENGOSAAL, WESTERBLOEM**

**09:00** AM – **12:00** PM

## SUB-TEMA'S

1. Kreatiewe wenke vir jou DENKE
2. Gaan LEEF nou die gesonder jy

**Skakel in**
**bit.ly/gerontologienetwerk**

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA" om te RSVP 6 Maart**

# LYDENSTYD

## 'N TYD OM STIL TE STAAN?



***Deur** ds Janke Hurter, Erediens Netwerk*

Met Lydenstyd gebeur dit dikwels dat gelowiges dink aan iets om prys te gee vir die 40 dae van Lydenstyd, soos byvoorbeeld sjokolade of gaskoeldrank, of na TV-reekse kyk. Soms gebeur dit dat die gedagte om iets prys te gee die begin, maar ook die einde is van ons nadenke en refleksie oor Lydenstyd. Ek nooi jou graag om vir 'n oomblik saam met my verder oor Lydenstyd na te dink.

As ek dink aan Lydenstyd, is dit veral die metafoor van 'n pelgrimstog wat voorop is in my gedagtes. Om aan Lydenstyd te dink in die vorm van 'n pelgrimstog is nie nuut of vreemd nie, gedagtig aan die wyse waarop Jesus self die pad gestap het tot by die kruis. Dis 'n tyd waarin ons agter Jesus aan volg op die Lydensweg. 'n Reis na binne sowel as na buite. Dit behels dikwels 'n reis van die bekende na die onbekende.

Lydenstyd, gesien as 'n soort pelgrimstog, veronderstel dus beweging, 'n op weg wees na die kruis, waar ons ons eie stoflikheid (menslikheid) erken.

Dis 'n besondere tyd van hertoewyding aan God. As gelowiges word hierdie 'op weg wees' dikwels uitgedruk deur handelinge wat tradisioneel ook veral met Lydenstyd verbind word soos gebed, vas, en liefdadigheid. Carol Hochhalter in haar werk *Lent and the Psalms of Ascent* (2017) is van mening dat die bedevaartsliedere of Pelgrimspsalms ons kan help om aan te hou voortbeweeg op hierdie Lydensweg. Dit kan vir ons die perspektiewe gee wat nodig is om ons deur die moeilike tye te kry, want selfs die Psalms wat met klag en lament gevul is, lei ons na die bron van hoop: Die troue God.



***Foto:** Ds Janke Hurter (verskaf)*

**Lees meer »**




# **PRAKTIESE RIGLYNE** VIR GEMEENTES EN INSTANSIES

Vir die SINVOLLE GEBRUIK van die GRATIS DIENS wat die **Netwerk vir Gerontologie** van die NG Kerk Vrystaat lewer, rakende 'n SINVOLLE SENIORBEDIENING.

NG Kerk Vrystaat

**RIGLYNE »**

**Ds Jors** Reynders
*082 783 0730 | jomarey@mweb.co.za*

# RING VAN SMITHFIELD help vure doodslaan!

*Deur* ***Mariëtte Odendaal***




## *Ringe in samewerking met **Sinodale Bedieninge***

> *"Dit is met groot dankbaarheid dat ons ring, danksy hierdie besondere NG Kerk Vrystaat-fonds, in samewerking met die Brandbeskermingsvereniging, al byna 400 boere en plaasarbeiders in die bestryding van weghol-veldbrande kon laat oplei."*
>
> ***Ds Werner Burger***
> *Voorsitter van die Ring van Smithfield*

Die NG Kerk Vrystaat stel jaarliks aan hul 15 ringe 'n bedrag beskikbaar waarmee die ringe projekte op plaaslike vlak kan help finansier. Die bedrag word saamgestel deur bydraes van onderskeidelik die sinodale bedieninge Vennote in Getuienis, Bedieningsbegeleiding en Diens van Barmhartigheid. Elke bediening gee uit hulle begroting 'n bydrae tot hierdie fonds en die ring besluit dan self hoe hulle die fonds wil aanwend, hetsy as Getuienis-, Bedieningsbegeleidings- of Diens-van-Barmhartigheidsprojek. Verslag word dan gelewer oor hoe die projek verloop het alvorens 'n volgende jaar se toekenning gemaak word.

"In die 2023/24-boekjaar is 'n bedrag van R50 000 aan elkeen van die ringe beskikbaar gestel. Wat die Ring van Smithfield betref, is daar by al drie die sinodale bedienings ingeskakel," vertel ds Werner Burger, voorsitter van die Ring van Smithfield en predikant van die NG Kerk Zastron. Ons het meer gaan uitvind.

### Werner, wat het die Ring van Smithfield as projek gekies en waarom juis dit?

"Ons het besluit om die fonds aan te wend vir opleiding in die bestryding van weghol-veldbrande aan grondeienaars en plaasarbeiders.

Weghol-veldbrande is 'n geweldige groot probleem op die Vrystaatse platteland.

Lees meer »


# DIE VOLHEID VAN ALLES

## 'n Woordeskat van Spiritualiteit

**Lisel Joubert**

EERSTE DRUK 2024 / AFRIKAANS

**Oorgeneem uit** Kopiereg © 2023 Lisel Joubert




**"Dié boek is 'n basiese inleiding tot die wêreld en taalgebruik van beide die akademiese refleksie op spiritualiteit sowel as die praktyke wat deur die eeue, en vandag, gevolg en beleef is in geloofsgemeenskappe."**

"Hierdie boek mag lesers tegelyk verras én skok terwyl dit die (vir ons dikwels vreemde) wêreld van Christelike spiritualiteit deur die eeue ontsluit. Die skrywer verken 'n rykdom perspektiewe en praktyke vanuit die Christelike geskiedenis en belig daarmee verskeie tradisies, kerntemas en gedeelde woordeskat. Die inhoud is goed nagevors en begelei individue en groepe op 'n persoonlike ontdekkingsreis. Dit skep ruimte aan 21ste-eeuse gelowiges om hulle verstaan en ervaring van lewe-in-verhouding met God, mekaar en skepping te verdiep en te nuanseer. Ek beveel dit graag aan vir teologiese opleiding en geloofsvorming, vir predikante, spirituele begeleiers en Christengemeenskappe wêreldwyd."

- ***Elna Mouton***

*Professor emerita in Nuwe Testament, Stellenbosch Universiteit Kapelmeester Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit, Wellington SA (2019-2022)*



**Lisel Joubert** is dosent in Kerkgeskiedenis by die Fakulteit van Teologie, Universiteit van Stellenbosch. Sy is ook 'n geordende leraar in die Nederduits Gereformeerde Kerk van Gansbaai.

## MEDIATEEK **INVENTARIS** »

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**

NG Kerk
Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT



**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het **92 studente** aangeklop
Daar is slegs **R 12 855 per student** beskikbaar

**SKENK VANDAG**

### DONASIES

**NG Kerk Vrystaat** ☑
**Nedbank**
**Takkode: 198765**
**Rek: 1178 097 218**
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700

**VBO VIR PREDIKANTE**

VBO FORUM

# neem lees

**2 tot 4**
September 2024

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

## DAGBOEK DIE GELEENTHEID

*Meer inligting volg later*





Aanbieders

LINDIE KOORTS FANIE CRONJÉ

# IETERMAGOG WÊRELDDAG



## 17 Februarie 2024

*Oorgeneem uit **Maroelamedia, 16 April 2022, AFP***

Die woord "ietermagog" is 'n inboorlingwoord (pangolin in Engels) vir die insek-vretende, reptielagtige soogdiertjie met skubbe wat net snags uitkom en die aarde al sowat 80 miljoen jaar lank bewoon. Op **Saterdag 17 Februarie vier ons wêreldwyd die bestaan en beskerming van die ietermagog**. Ongelukkig is hulle ook, soos ons renosters, 'n bedreigde spesie en waarskynlik die mees gesmokkelde soogdiere ter wêreld. Hulle is gesog vir hul skubbe (gemaak van keratien, soos die naels van mense), en word veral in Asië vir hul gewaande medisinale eienskappe gebruik. Lees gerus die mooi verhaal van Lumbi en ook Steve, twee ietermagogs wat ná 'n klopjag uit die kloue van stropers gered is, en van die besondere werk wat die **Johannesburg Wildlewe-veeartshospitaal** doen om inheemse wild te behandel en te rehabiliteer.

Lees meer daaroor HIERONDER.

JOHANNESBURG WILDLIFE VET

**LEES »**


2024
Pinksterreeks
Pentecost series
NUUT
PINKSTERREEKS
PENTECOST SERIES
https://clf.co.za/resource-toolkit/
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af / Download it from CLF's Resource centre
CLF


NOU BESKIKBAAR
Van Ashoop tot Hoop
'n 40 dae reis na Hoop
Ronell Bezuidenhout
Vir slegs
R200
Koop dit aanlyn - https://shop.clf.co.za/product/van-ashoop-tot-hoop-n-40-dae-reis-na-hoop/ of stuur 'n epos na order@clf.co.za


Bestel per epos: order@clf.co.za
Alle bestellings vir
BYBEL-MEDIA PRODUKTE
word nou deur CLF Uitgewers hanteer.
Alle Bybel-Media produkte word in
CLF BOEKWINKELS
verkoop!
CLF Boekwinkels: https://shop.clf.co.za/contact-us/



**1 MAART 2024**
Saamgestel deur Palestina

# WÊRELDBIDDAG VIR **VROUE**

## ‘Ek dring aan ... verdra mekaar in liefde’

*Oorgeneem uit Kerkbode / 31 Januarie 2024 / Nuus*

## EFESIËRS 4:1-13

Hierdie teks uit **Efesiërs 4:1-13 is die tema** waaroor miljoene Christene wêreldwyd gevra word om saam te bid tydens die ekumeniese **Wêreldbiddag vir Vroue wat vanjaar val op Vrydag 1 Maart**. Die vroue van Palestina se Wêreldbiddag-komitee het die tema gekies.

- **Lees meer** hier via ***Kerkbode***



*Foto's: worlddayofprayer.net*

## INLEIDING

Efesiërs word as een van Paulus se "gevangenis-briewe" beskou, wat hy omstreeks 60-61 nC in Rome geskryf het. Paulus skryf hierdie brief om die geloofs-gemeenskap in Efese te versterk deur hulle weereens aan God se reddende genade en Sy roeping te herinner. Die Gees roep ons om deel van die Liggaam van Christus te wees. Die Gees roep ons nie net nie, maar bind ons ook as 'n eenheid in die kerk saam. Hy moedig ons tot getuienis en dienslewering in die gemeente aan. Die eerste drie hoofstukke van Efesiërs bespreek God se verlossingsplan en die gawe van eenheid in die gemeente, terwyl die laaste drie hoofstukke die gelowiges se reaksie op God se verlossingsplan beskryf.

### Efesiërs 4:1-3 (1983 vertaling)

1 Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het. 2 Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde. 3 Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

# VIBE - EXPLORE - MOKETE - KUIER - PRAISE




# imagine

## 21 - 23 MARCH 2024

### FREE STATE

**NAMPO PARK, BOTHAVILLE**

**CHRISTIAN CAMP FOR TEENAGERS AGED 13-18 YEARS**



**TICKET PRICE R650-00 EXCLUDING TRANSPORT**


# WORSHIP - ENCOUNTER - VRIENDE - FUN



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »



Klik hier »

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## FEBRUARIE

**18** Mev Sanet Annandale
SINODALE KERKKANTOOR

**22** Dr Dawie Botes
WELKOM-WES

**22** Ds Domonic Basson
ST HELENA

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# SESOTHO

## 'N WEG NA BETER VERHOUDINGE

Langenhovenpark Gemeente bied aan die gewilde

## BEGINNERSKURSUS IN SESOTHO 2024

'n Jaarkursus wat plaasvind op Dinsdae om 18:00-19:30 en neem 'n aanvang op Dinsdag 27 Februarie om 18:00 in die Kleinkerk van NG Gemeente Langenhovenpark.


**Die kenmerkende Sesotho-gebruike en -begrippe is die fokus-area. Daar word weekliks (klasbywoning is van kardinale belang) nuwe woordeskat aangeleer met die doel om die voer van eenvoudige gesprekke in Sotho moontlik te maak.**

Die totale koste van die kursus beloop R 2 500 (maandeliks afbetaalbaar by die kerkkantoor). 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R 1 000 is betaalbaar voor of op 23 Februarie om 11:00.

**NAVRAE: Kerkkantoor (051) 446 2225 | Riaan Stander 082 665 8478 | e-pos: myposduif@vox.co.za**



# OPLEIDINGSGELEENTHEDE



## OORGEËRFDE FAMILIE TRAUMA

20 Februarie

5 VBO-punte
5 CPSC-punte
5 AFM/PCD-punte

Lees meer +
**Registreer** +




## ENNEAGRAM-KURSUS

14 - 15 Maart

12 VBO-punte

Aanlyn-kursus
R1 300 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## ONDERRIG VAN ONS JEUG

23 / 24 April

5 VBO-punte

Pretoria / JHB
R175 p/p

Lees meer +
**Registreer** +




## CALL FOR PAPERS KONFERENSIE

28 - 30 Augustus

Universiteit van Pretoria, Fakulteit Teologie en Religie
R500 p/p

Lees meer +
**Registreer** +

COMMUNITAS
IZIKO LOKUCETYISWA KWAMABANDLA
NETWERK VIR GEMEENTEBEDIENING

# 2024 BRUGLERAAR OPLEIDING

## KURSUS 1

**Module 1** | 6 tot 8 Februarie 2024
**Module 2** | 23 tot 25 April 2024

## KURSUS 2

**Module 1** | 3 tot 5 September 2024
**Module 2** | 12 tot 14 November 2024

**Navrae** | *André Agenbag @ agenbag1@sun.ac.za*

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

NUUSBRIEWE | PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




## BROKKIES UIT kerkbode

**Publikasie**

*Van Ashoop tot Hoop - 'n 40 dae reis na Hoop*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

**Publikasie**

*Stil-Weg*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

**Publikasie**

*Die stem van die Herder*

*Oorgeneem uit shop.clf.co.za*

**Kerkbode-podsendings: Sal jy luister?**

*Kerkbode / 14 Februarie 2024 / Nuus*

ELDERS GESIEN
**Hugenote Kollege open met 'rekordgetal' wat teologie wil studeer**

*Kerkbode / 14 Februarie 2024 / Nuus*

ELDERS GELEES
**Meer oor Aswoensdag (14 Februarie)**

*Kerkbode / 9 Februarie 2024 / Nuus*

ELDERS GESIEN
**Tom Smith neem leisels oor by Excelsus**

*Kerkbode / 9 Februarie 2024 / Nuus*

**Vrystaat: Gemeenskap in pyn ná busongeluk jong lewens eis**

*Kerkbode / 9 Februarie 2024 / Nuus*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

## GEMEENTEGEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

**2024**

**ADVERTEER AANLYN HIER**

of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

## VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

## VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

## AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP | Ds Jurie Johannes Blom** van NG Gemeente Namakwaland op Springbok is beroep na NG Gemeente Petrusburg, tydens die kerkraadsvergadering gehou op Dinsdag 6 Februarie 2024.

# DIE VERLORE SKAPIE

## Ek behoort

deur MARTIN SCHWELLA





"Leon!" roep Tjoppie se stem een namiddag in Blêrfontein. "Leon, my Blêr!" roep hy weer. Die sonnetjie is op pad om te sak en Leon die lammertjie is soek! "Leon!" roep tannie Êna. Ja maatjies, Leon het spoorloos verdwyn ná die kerkbasaar en die hele Blêrfontein is bekommerd oor waar hy is. Al die diere span saam en hulle het 'n groot soektog om die verlore lammertjie te vind.

Ds Armach Breyntenblaf het vinning die gemeenskap in kennis gestel en soos een man het die diere van Blêrfontein ingespring om te help soek na Leon.

Oom Varkie en sy span het deur die strate van die buurt gesoek. Die boerbok en die Plaashond-Oom het gaan snuffel agter die winkelsentrum. Juffrou Katryn-Kat en Mollie het gesorg dat almal water en peuselhappies het. Armach Breytenblaf was aan die stuur van die soektog en almal het aan hom terug rapporteer. Tannie Êna en Tjoppie het in die veld by die treinspoor gaan soek, daar waar Leon eens 'n ontmoeting met Jan Jakkals gehad het. Tannie Êna soek onderlangs en Tjoppie hardloop teen elke heuwel op om te kyk of Leon daar is.

Dit is ook net daar waar Tjoppie iemand gewaar... DIT IS LEON!



Leon sit op die heel verste heuwel vanaf Blêrfontein. Hy sit bo-op ‘n miershoop en die son sak daar in die laagte voor hom. Tjoppie hardloop dadelik nader deur die lang grasse! “Blêr! My Blêr!” roep Tjoppie uit toe hy vir Leon sien, maar Leon beweeg nie, hy sit tjoepstil. Tjoppie sien dit en stop net daar in sy spore. Toe sien hy dat Leon besig is om te huil. Die trane rol oor sy wollerige wangetjies. Tjoppie beweeg toe stadig nader.

“My Blêr? Is alles oraait hier?” vra Tjoppie saggies. Leon kyk reguit na waar die son sak. Hy is eers vir ‘n oomblik stil en toe sê hy:

“Alles is so mooi hier. Die son wat sak, die natuur en die blomme. Die Herder het alles so mooi gemaak!” antwoord Leon huilend. Tjoppie luister mooi na elke woord. “...En, Blêrfontein, dit is só spesiaal. Almal daar, dit is só ‘n spesiale dorp. Elkeen behoort, elkeen doen dinge vir die Herder, elkeen het ‘n plek ... behalwe ... behalwe ek!” Tjoppie skrik groot en hy besef hy moet nou iets sê. Hy kyk toe ook uit na waar die son sak voor hulle en dit tref hom. Hy weet presies wat om te doen!

**Lees meer hier, my BLÊR.**

# Kerk van Christus laat **skyn jou LIG**!

***Deur** ds Anton Meiring, leraar van Woodland Hills Gemeenskapskerk*



***Foto: Ds Anton Meiring** (verskaf)*

In hierdie **boodskap** hoor 'n mens en voel 'n mens iets dringends aan. Vir my voel dit asof God vir ons as kerk dringend beveel om met erns en met toewyding sy LIG te laat skyn. Dit is juis God se geleentheid aan sy kerk, om die draer van die boodskap van hoop, verlossing en vergifnis in 'n donker wêreld te wees.

Kyk en bedink hierdie boodskap!

Kerk van Christus, **laat skyn jou LIG!**

*"Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak. Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg."*

**MATTEUS 4:23-25 AFR83**

***Direk. Dringend. Duidelik. 'n Bevel. Dit vra uitvoering. As kinders van God het ons nie 'n ander keuse as om dit te gehoorsaam nie.***

### 1. Donkerte is die afwesigheid van LIG!

'n Mens kan nie donkerte meet nie. As jy donkerte wil hê, moet jy die LIG afskakel of jy moet die LIG uitdryf. Maar donkerte is die afwesigheid van LIG.

In die tyd van Jesaja spreek hy 'n profesie uit wat eers ná 750 jaar vervul sal word. Jesaja profeteer dat die mense rondom die see van Galilea in donkerte en in die skadu van die dood geleef het. Jood en heiden het deurmekaar gewoon. Dit was 'n onstabiele en 'n onveilige plek.

Sonde het hoogty gevier. Daar was donkerte. Geestelik en emosioneel was die mense op 'n uitsiglose, emosioneel uitgebrande plek. 'n Bydraende faktor was die wrede Herodus Antipas wat ook vir Johannes die Doper laat doodmaak het.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

NG Kerk Vrystaat


Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

DEPARTEMENT
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING